Jesus ken my naam

# 'n Mond vol tande

## Bybelteks

*Toe antwoord hulle en sê vir die koning: "Daniël, een van die ballinge van Juda, steur hom nie aan u, o koning, of aan die verbod wat u op skrif gestel het nie, maar drie keer op 'n dag rig hy sy bede tot sy God." Daarop het die koning opdrag gegee en hulle het Daniël gebring en in die leeukuil gegooi ..." In die oggend, teen die eerste lig, het die koning opgestaan en haastig na die leeukuil gegaan. Terwyl hy nader aan die kuil kom, het hy na Daniël geroep ... Daniël praat toe met die koning: "... My God het sy engel gestuur en Hy het die bekke van die leeus gesluit, sodat hulle my geen leed kon aandoen nie ..."*

**– Daniël 6:14, 17, 20-23**

## Kernwaarheid

**Dit is belangrik om gereeld te bid, want dit help ons om aan God getrou te wees.**

**WELKOM**

- Het jy dit reggekry om doodstil te lê terwyl julle "Die slapende leeu" gespeel het?
- Het jy al 'n regte leeu gesien?

**WONDER**

- Hoekom was die koning se ander werkers jaloers op Daniël?
- Wat was die werkers se skelm plan?
- Hoekom het die leeus nie vir Daniël seergemaak nie?

**WEES**

Hou jou leeumasker voor jou gesig en dink daaraan dat God vir Daniël in die leeukuil beskerm het.

**WEGSTUUR**

Wys jou leeumasker vir jou huismense. Vertel vir hulle dat God vir Daniël in die leeukuil beskerm het omdat Daniël aan God gehoorsaam was en Hom alleen aanbid het.

# Kleur hierdie prentjie in.

